# GEDAGTE VIR DIE DAG

**“Lente: 'n Pragtige herinnering dat verandering werklik mooi kan wees”**

MIDSTREAM RIDGE
EXCELLENTIA

**NUUSBRIEF 18** **31 Augustus 2022**

Geagte Ouers

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Lente is ‘n seisoen van hoop, vreugde en opgewektheid. Oral om ons is daar iets moois om te sien, aan te raak en te hoor. Hierdie opgewektheid is elke dag in die klaskamer, sportveld en by al die kultuuraktiwiteite te bespeur.
Na ‘n besige kwartaal vol opwinding en horisonne wat weer verskuif is, sien almal uit na ‘n lekker vakansie. Nou is die leuse “aanhouer wen”, baie toepaslik. Ons is nog steeds dankbaar vir geleenthede wat ons kinders kry en nog meer oor dié geleenthede wat hulle met albei hande aangegryp het.

Juffrou Celesté Terblanche is baie opgewonde oor die nuweling wat eersdaags tot hul gesin toegevoeg gaan word. Tydens haar kraamverlof sal die uiters bekwame Me. Naudé, haar skoene volstaan.

### BELANGRIKE BROKKIES

- **Cultivaria**

*Midstream Ridge Laerskool* hou jaarliks ‘n interne kultuurfees, *Cultivaria*. Tydens dié fees kry leerders die geleentheid om aan ‘n verskeidenheid kultuuritems soos *Ridge Chef*, Kuns, Poësie, Sang, Grafiese Ontwerp, ens., deel te neem. Die doel van die fees is om elke leerder die geleentheid te gee om iets nuut te probeer en so verskuilde talente te ontdek. Die fees word afgesluit met ‘n Kunsuitstalling waar al die leerders se kuns ten toon gestel word en deur besoekers bewonder en aangekoop kan word.

## INLIGTING

### KAPERJOLLEDAG

Op Vrydag, 2 September, tydens die *Kaperjolledag*, vier ons die volgende:

- Die skool se **negende verjaarsdag** met ‘n stap en piekniek.
- **Lentedag**
- **Boomplantdag:** Met die plant van broodnodige bome op die skoolterrein. Die boom van die jaar in die algemene kategorie, is die *Kannabasboom* en in die seldsame kategorie, die *Afrikaanse Huilboom*.
- **Loslitdag:** Leerders kom in Loslitdrag en tekkies skool toe ten bate van *Nuwe Hoop Skool*, teen ‘n R20-donasie. **LOSLITDAG 2022**

Verwys asseblief na die korrespondensie wat u reeds in dié verband ontvang het.

MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL / PRIMARY SCHOOL

## MINI-HOKKIE

Die laaste twee Mini-Hokkie *Rondomtalies* vind as volg plaas:

- Saterdag, 3 September by *Midstream College*
- Dinsdag, 6 September by *Midstream College*

Die dogters se laaste oefening vind op Maandag, 5 September plaas en die seuns se laaste oefening, op Donderdag, 1 September.

## GELETTERDHEIDSDAG

*Geletterdheidsdag* word 7 September gevier. Leerders kry die geleentheid om volgens die tema wat in hul registerklasse bespreek is, aan te trek. *Turn the Page*-boekverkoping sal in die saal wees met hul boekuitstalling.

Temas vir *Geletterdheidsdag*:

- Gr 1 Sprokies
- Gr 2 Enige kinderboek (leerders kan dieselfde kostuums dra as vir hul boekmondelinge)
- Gr 3 Idiome en Spreuke
- Gr 4 – 7 Letter van die Alfabet. Elke registerklas het hul letter van die alfabet ontvang.

Die Grondslagfase sal in hul klasse 'n parade hou. Die Intersenfase sal van 07:45 tot 08:45 'n parade in die saal hou. Ons sal Vrydag, 9 September, tydens *Golden Hour*, Woensdag se periode 1 en 2 inhaal.

Klik asseblief op die skakel vir inligting rakende lekkerny-pakkies wat by die *Ridge Snoepie* bestel kan word. **SNOEPIE - 7 SEPTEMBER**

## *SPRINGFEST* 10 SEPTEMBER 2022 SPRING FEST 2022

Die pret hou nie op met *SpringFest* nie! Lus vir 'n reis na die lentefees? Klik op die onderstaande skakel om jou *SpringFest*-kaartjies te koop en staan 'n kans om een van TWEE *MSC Kids*-vaarte wen! https://www.howler.co.za/events/midstream-springfest-bf37

### ❖ TRUTH

Die *TRUTH*-span is op soek na graad 6- en 7-vrywilligers om hul *Shavathon*-stalletjie by die *SPRINGFEST* op 10 September, vanaf 11:00-18:00, te beman. Hul gaan uur-lange skofte werk, waartydens hulle gaan help om hare te sprei, sonbrandroom te verkoop en hare te sny. Vrywilligers kan hul name by juffrou Minette Bornman ingee, en moet reeds in besit wees van 'n toegangskaartjie wat hul self aangekoop het.

## SOMERSDRAG

Leerders is welkom om, indien hul dit sou verkies, somersdrag te begin dra. Hulle kan dus, afhangende van die weer, afwissel tussen somers- en wintersdrag, mits dit ten volle, die een of die ander is. Op Dinsdag, 11 Oktober 2022, skakel ons amptelik oor na somersdrag.

## *EDANA* SELFOONTOEPASSING

Ons beoog om, aan die begin van die vierde kwartaal, slegs van die skool se selfoontoepassing gebruik te maak vir kommunikasie aan ouers. Ons versoek u dus vriendelik om so spoedig moontlik dié toepassing af te laai. Klik asseblief op die skakel vir die prosedure om dié toepassing op u selfoon af te laai. **EDANA**



Midstream Ridge-groete

**VERNON HARMSE**
**SKOOLHOOF**